# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

20 Februarie 2026

**OMSENDBRIEF 6/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek**: Op Saterdag **21 Februarie 2026** neem drie van ons atlete deel aan die Boland-byeenkoms in Paarl. Baie geluk aan **Junior Smith**, **Mixanté Beyers** en **Luan du Toit** wat opgeneem is in die Noord-Bolandspan. Junior het tweede gekom by die Noord-Bolandbyeenkoms in 75m hekkies, Mixanté het derde gekom in 800 m en Luan het eerste gekom in 100m, 200m en verspring. Dit is pragtige prestasies en ons is baie trots op julle! **Ons wens hierdie atlete alle sterkte toe.** Gaan doen jou bes en hou ons Bonnie-naam hoog.

2. **Hoërskoolatletiek:** Op Saterdag **14 Februarie** het HS Bonnievale baie suksesvol die Noord-Boland Hoërskole Atletiekbyeenkoms aangebied. Dertien atlete is ingesluit in die Noord-Bolandspan en sal tussen 26 en 28 Februarie deeleneem aan die Boland Kampioenskappe op Dal Josaphat, in die Paarl. Baie geluk aan ons atlete: **Taylin Nell (SG), Owaziyo Makhutshi (DG), Jumaro Fortuin (VS), Luke Blakey (3000m), Ronwin Matjan (110mH), Hayden Siegelaar (200m), McLeighten Thieras (800m), Raviano van der Merwe (400mH), Gian Daniels (5000m), Ginowaan de Vie (400mH), Jevano Fortuin (DS), Kyle Kuhn (HS, VS) en Enzio Peerboom (DS)**. Ons hou julle dop!

3. **Swem:** Op Woensdag **18 Februarie** het 'n groep van 18 swemmers aan Swellendam se Blitsgala deelgeneem. Ons swemmers het mooi geswem en goeie uitslae behaal. Baie geluk aan elke swemmer wat sy/haar bes gedoen het en 'n spesiale geluk aan die medalje wenners. Ons is trots op elkeen van julle.

**Wisselslag**

| | | |
|---|---|---|
| Alné Matthee | 11 jaar | Derde |
| Carli de Wet | 13 jaar | Derde |

**Borsslag**

| | | |
|---|---|---|
| Juandré Rheeders | 7 jaar | Eerste |
| Abbegail Nel | 9 jaar | Tweede |
| Katryn Pieterse | 11 jaar | Derde |

**Rugslag**

| | | |
|---|---|---|
| Liana Rheeders | 8 jaar | Tweede |
| Suné de Swardt | 9 jaar | Derde |
| PD de Wet | 10 jaar | Derde |
| Alné Matthee | 11 jaar | Derde |
| Carli de Wet | 13 jaar | Tweede |

**25m Vryslag**

| | | |
|---|---|---|
| Wian Fourie | 7 jaar | Eerste |
| Steyn Smit | 8 jaar | Derde |
| Liana Rheeders | 8 jaar | Tweede |
| Suné de Swardt | 9 jaar | Tweede |
| PD de Wet | 10 jaar | Tweede |
| Carli de Wet | 13 jaar | Tweede |

**50m Vryslag**

| | | |
|---|---|---|
| PD de Wet | 10 jaar | Derde |
| Carli de Wet | 13 jaar | Derde |

**Vlinderslag**

| | | |
|---|---|---|
| Suné de Swardt | 8 jaar | Tweede |
| PD de Wet | 10 jaar | Tweede |
| Carli de Wet | 13 jaar | Tweede |

4. **Tweekamp:** Saterdag **21 Februarie** gaan vier HSB Tweekampers aan die Boland Tweekampkampioen-skappe deelneem Ons sê sterkte vir **Wian Fourie**, **Juandré Rheeders**, **Liana Rheeders** en **Alné Matthee**. Hou ons naam hoog en doen julle bes!

5. **HS Krieket:** Die krieketseisoen het begin met 'n paar harde lesse teen Hoërskool Robertson. Die lesse het gelukkig nie op dowe ore geval nie en ons het verbeter in ons wedstryd teen Montagu. Ons het ons voete mooi gevind in daardie wedstryd en dit het die grondlegging gelê vir ons om ons volgende wedstryd teen Montana met 70 lopies te wen. Ons het die momentum behou en teen Hoërskool Swellendam 122 lopies afgeslaan met nog vyf paaltjies en meer as 6 boulbeurte in die hand. Met nog een wedstryd vir die seisoen spog ons met 'n rekord van 4 gespeel, twee gewen, twee verloor. Ons speel ons laaste wedstryd vir die eerste kwartaal teen Swellendam Sekondêr op Donderdag, **26 Februarie**. Daar is baie manne wat hulle hande al opgesteek het, maar die totale uitblinkers is sover **Gian Daniels** en **Gereldo van Zyl** wie albei spog met baie lopies en paaltjies. **Mooi gedaan aan al die manne.**

6. **LS Krieket:** Ons O.13-span het hulle staal gewys toe hulle op Donderdag **19 Februarie** vir LS Swellendam met 9 paaltjies geklop het! Swellendam het eerste gekolf en 119/8 in 20 beurte aangeteken. Maar ons boulers was skerp en gedissiplineerd en het nie sommer toegelaat dat die lopies ophoop nie. ’n Groot uitblinker was **Jaston Conradie** wat ’n ongelooflike 5 paaltjies vir net 13 lopies in 4 beurte geneem het – UITSTEKENDE BOULWERK! Die Bonnies kon sake vinnig afhandel met die kolf nadat Swellendam se ongedissiplineerde boulwerk vir baie ekstra lopies gesorg het. **Lian van Tonder** het 25 lopies aangeteken, terwyl **Joshua van der Westhuizen** en **Ewald Scheepers**, onderskeidelik 13 en 28 nie-uit-nie, gesorg het dat die wentotaal bereik is in net 15 beurte. Hierdie was ‘n sterk en selfversekerde vertoning van ons manne! Baie geluk aan die span en hul afrigters. Ons is trots op julle!

7. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen ‘n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by **mnr. Rian Boshoff** ‘n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

8. **SBL tussenverkiesing:** Daar bestaan tans ‘n vakante posisie vir die voorsitter van die OOK-portefeulje op die SBL. Dit is iemand wat as skakel optree tussen die ouers en die skool vir alle funksies en geleenthede, asook in beheer is van reël van snoepies by sportgeleenthede. Die amptelike verkiesing vind plaas op **2 Maart**. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word. Die kiesersrol sal by die kantoor beskikbaar wees vir besigtiging. Nominasies kan skriftelik by die kantoor gedoen word.

9. **Rugby en netbal:** Rugby- en netbal ligabepalings is steeds nog nie ontvang nie. Sodra daar datums gegee word sal ons datums so gou as moontlik vasmaak en aan die ouers kommunikeer. Datums word deur Noord-Boland bepaal.

10. **Detensie:** Daar is steeds leerders wat detensie kry omdat hulle herhaaldelik nie hul huiswerk voltooi nie. Dit is heeltemal onnodig. Daar is ook leerders wat wil onderhandel oor wanneer hulle detensie kan sit. Detensie is op **Vrydae** en ouers is verantwoordelik om self reëlings te tref om om hul kind by die huis te kry. Leerders kan nie vervoerprobleme gebruik om van detensie verskoon te word nie. Dit is baie eenvoudig: u kind kan met sy/haar optrede en samewerking sorg dat hy/sy nooit by detensie hoef te wees nie, en dan het u geen probleme nie. Praat asb. met u kind indien hy/sy iemand is wat gereeld nie ons gedragskode nakom nie.

11. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 21 Feb. | Mini-krieket te Worcester Primêr<br>Tweekamp te Hoërskool Hugenote |
| Di. 24 Feb. | LS Gericke Swemgala<br>LS Tennis vs Robertson (tuis) |
| Do. 26 Feb. | o.19 Krieket vs Swellendam SS (tuis) |
| Vr. 27 Feb. | HS Boland byeenkoms |
| Sa. 28 Feb. | HS Boland byeenkoms |
| Wo. 4 Mrt | Juf. Suzaan Jordaan verjaar |

| | |
|---|---|
| Sa. 7 Mrt. | Mini-krieket te Koue-Bokkeveld |
| Di. 10 Mrt | 2027 Inskrywings vir gr.1 & gr.8 open |
| Vr. 13 Mrt | HSB Swemgala |
| Sa. 14 Mrt | HSB Mini-gholfdag |
| Ma. 16 Mrt | Juf. Belinda Oosthuizen verjaar |
| Wo. 18 Mrt | LS Redenaars by Klubhuis |
| Do. 19 Mrt | HS Redenaars by Klubhuis |
| Vr. 20 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Sa. 21 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Ma. 23 Mrt | HSB Swimathon |
| Do. 26 Mrt | Juf. Tanya van Heerden verjaar |
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"Die enigste plek waar sukses voor werk kom, is in die woordeboek"**
**Vince Lombardi**







RADIE MAKELAARS
FAIS LID 10928
HOOFWEG 95A, BONNIEVALE
Korttermyn
VERSEKERING
DEKKING VIR:
Voertuig, Huisinhoud, Geboue & Waardevolle Items,
Reis Versekering, Gastehuis & Restaurante
KOMMERSIEËL, PERSOONLIK
& BOERDERY VERSEKERING
Sedert 1992
T | 023 616 2598 | info@radie.co.za
Neil Rademeyer | 083 604 4007
Verskillende Versekeringsmaatskappye
santam
OLDMUTUAL INSURE
Discovery Insure
Hollard INSURANCE
REGENT
Bryte
RENASA


ONTHOU DIE DATUMS
26 Februarie
Skrywer Wendy Maartens besoek skool
4-5 Maart
Boekuitstalling en verkope
Bonnies


Op 'n Hoë noot!
Datum: 9 Mei 2026
Tyd: 19:00
Plek: NG Kerksaal, Bonnievale
Plaaslike- en gaskunstenaars, o.a:
Teresa de Wit - mezzosopraan
Bennie van Eeden - pianis
André Serfontein - pianis/tenoor
Desireé Wentzel vier 60 jaar in die onderwys
Kaartjies & besprekings:
Aletta Els 082 493 2962
R50 - onbespreekte plekke
R100 en R150 bespreekte plekke